

Dinsdag 14 November

Skrifgedeelte: Matteus 22:1-14

Fokusgedeelte: Matteus 22:14 (1933/53-vertaling); HK Sondag 31

Uitgenooi na die bruilofsfees?

Hierdie gelykenis verwys na die bruilofsfees wat Koning Jesus vir die uitverkorenes berei. Koning Jesus vergader uit die hele menslike geslag vir Hom 'n gemeente wat tot die ewige lewe uitverkies is (HK Sondag 21:54). Baie mense is geroep, maar min uitverkies (Matt. 22:14). Slegs 144 000 ('n simbo-liese volheidsgetal) mense wat vrygekoop is, gaan die nuwe bruilofslied sing en aansit aan die bruilofsmaal van die Lam (Op. 5:9-14; 14:3; 19:1-8).

Volgens Sondag 31 gaan diegene wat die belofte van die evangelie met 'n ware geloof aanneem en hulle tot God bekeer, bruilofsgaste wees. Die ongelowiges, huigelaars, onbekeerdes en diegene wat hulle egter onchristelik gedra en hulle nie aan die vermaninge steur nie, gaan níe toegelaat word tot die bruilof nie". In die gelykenis word daar tweekeer uitgenooi. Die eerste uit-nodiging word aan die volk Israel gerig (Matt. 22:1-5). Die reaksie spreek van onwilligheid, minagting, onlojaliteit, onverskilligheid, eibelang, vyandigheid én van die mishandeling en doodmaak van God se diensknegte. Dis selfs 'n verset teen God se genade. Hierdie uitgenooides word deur God omgebring. Hulle is die uitnodiging onwaardig. Die tweede uitnodiging word gerig aan almal – slegtes en goeies (Matt. 22:10), armes, kreupeles en blindes (Luk. 14:21). Hulle uitnodiging is uit genade en geen verdienste nie. Van hierdie uitgenooides verwag die Koning tog vrugte van bekering – hulle moes die bruilofskleed aantrek. Die Koning gaan uit om met die gaste te verkeer.

Iemand het egter sonder die bruilofskleed ingeglip. Hy wou wel deel wees van die bruilofsfees, maar wou nie aan die Koning die eer gee nie. Hy wou nie beklee wees met die kleed van geregtigheid wat Koning Jesus aan die kruis berei het nie (vgl. Rom. 13:14, Ef. 4:24). Hy wou nie Christus aantrek nie. Hy wou nie in die geloof dit wat Christus verwerf het, vir homself toe-eien nie! Hierdie uitgenooide word 'n uitgegooide! Moenie dink dat die Here en die kerk al te bly sal wees met jou in hulle geledere terwyl jy leef soos jý wil nie! Nee, beklee jou met die Here Jesus Christus! Dra die vrugte van die bekering! Dán sal jy ook die bruilofslied sing!

Sing: Skrifberyming 8 (5-3):1, 2

Ds. AH (Arie) Stavast (Kroonstad)